

CACHET APTEEK

U Plus ApteeK
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
 Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
 Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

Bussie 13 Inligtingsburo Studentesentrum
 Tel 25481 4267/8 22112 x 570/1

Hoogtepunte

MAANDAG 30 MAART
 — Gradeplegtigheid: LW BA-grde 14h30. Ouditorium.
 — Besembos hier te koop
 — Brandpunt 13h00-14h00: Wat 'n Blanke tuisland sal inhou.
 — Wapad-skaakkampioenskappe: 18h30 Maksistel

DINSDAG 31 MAART
 — Gradeplegtigheid: NW 19h30 Ouditorium
 — Brandpunt: 13h00-14h00 VSA se nuwe houding teenoor SA

DINSDAG 31 MAART
 — Gradeplegtigheid: NW 19h30 Ouditorium
 — Brandpunt: 13h00-14h00 Implikasie van sanksies teen SA

WOENSDAG 1 APRIL
 — Gradeplegtigheid: EW14h30 en 19h30 Ouditorium
 — Brandpunt: 13h00-14h00 VSA se nuwe houding teenoor SA

— Wapad-skaakkampioenskappe: 18h30 Kamer 10 Frans du Toit.

DONDERDAG 2 APRIL
 — Gradeplegtigheid: Teologie en Opvoedkunde 19h30 Ouditorium
 — Brandpunt: 13h00-14h00 VSA se nuwe houding teenoor SA-konsekvensies/ resultaat.

Binne

- Oosterhof en Makou-
vlei gaan nou (miskien)
die knoop deurhaak —
p 3.
- Petisie teen
"Magersfontein" o
Magersfontein" slaag
nie — p6.
- Name word gesoek
vir die dampadkos-
huise en wandelpaai-
e — p7.
- Jan-Louis du Plooy is
vanjaar Besembosre-
dakteur — dit sal glo
nog gedurende 1981
verskyn! — p 7.
- Brieue wat wissel
van griewe oor koshuis-
geriewe tot Paksas — p
8.
- Sportregistrasie
lewer nog steeds pro-
bleme — p 9.
- Pukke blink uit by at-
letiek — p 10.

Nuuswenke

Algemene Nuus: Petro
Malan, Wag-'n-Bietjie,
Tel 4278.
Koshuis/Sosiaal: Zelda
Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel
4278.
Sport: Griet Gräbe,
Kuns: Johan Myburg,
Tel 6668.

Saktyd

Maandag 13h00

SAUK sê: Puk is nie veronreg nie

— Emsie van der Walt —

"EK het slegs 'n halfuur tot my beskikking gehad en Pukkarnaval het saam met 'n ander universiteit s'n geval", het mnr. Jan Syffert van SAUKTV geantwoord op die vraag waarom die Puk weggelaat is uit 'n Verslag-program.

In die program wat Donderdag-
aand, 5 Maart, uitgesaai is, het Ver-
slag 'n kykie in al die Afrikaanse
universiteite se karnavalbedry-
wighede gegee, met die uitsonde-
ring van die Puk. Daar is veral inge-
gaan op die besteding van geld wat
tydens karnaval ingesamel is.

hele doel en werksaamhede van die
S.G.D. verduidelik. Hulle is ook in
Promosa en omgewing rondge-
neem. Die geld wat tydens karnaval
ingesamel word, word aan S.G.D.
geskenk, waarmee hulle noodsaak-
like dienste lewer.

Karnavalkoningin

Volgens Rudolf Burger, Puk se
karnavalvoorsitter vir 1981, het mnr
Jan Syffert van die SAUKTV verlede
jaar die Puk besoek waar hy te
woord gestaan is deur Theuns Eloff,
dr. Johan de Jager, mnr. Sid Eckley
en mnr. Richard Ingram. Aan die
SAUKTV-vertegenwoordigers is die

Rudolf Burger sê die Karnaval-
komitee het Jan van Niekerk van
SAUKTV verskeie kere genooi vir
besoeke en dinees by die Puk — wat
hy geignoreer of vergeet het. Rudolf
beweert dat die SAUK so 'n nega-
tiewe houding het omdat die Puk

Vervolg op p 6



● Jan-Louis du Plooy en Piet Naudé, voorsitter van Maties se Studenteraad en dagbestuurslid van Polstu se nasionale bestuur, in gesprek tydens die Maties se besoek aan die PU op 20 Maart. Piet Naudé was verras om regse geluide onder studenteiers te hoor — op Stellenbosch is die studenteiers oorwegend verlig.

George blameer niemand nie

— die Scholtz —

"n NUWE wêreld is vir my aan die oopgaan", gesels George Gibbens vanuit sy hospitaalbed in die H.F. Verwoerd-hospitaal, Pretoria.

George is verlede Vry-
dagaand deur die SSR be-
soek en het dié gebaar be-
sonder waardeer. Hy
ontvang gereeld besoek
van Puk-studente, veral
van sy koshuismaats. Hy
vertel ook met groot lof van
die baie besoeke wat die
rektor, prof. Tjaart van der
Walt, aan hom bring.
George, wat tydens
oriëntering sy nek beseer
het, is al ses weke in die

hospitaal waar hy inten-
siewe behandeling onder-
gaan. Volgens hom gaan
die tyd baie vinnig verby.
Die televisiestel wat Op-
pikant aan hom geskenk
het, help om die aande
korter te maak.

Sports

Dat hy nog vol geesdrif
is, is baie duidelik. "Ek is
nog lank nie aan't dood-
gaan nie," sê hy. In die-
selfde asem vertel hy van
die "sports" wat hulle met
die oriëntering gehad het.
"As 'n mens oriëntering
deurgegaan het, is jy deel
van die Puk," sê hy. Hy be-
skou oriëntering as nood-

saaklik en voel baie posi-
tief daaroor. Vir hom is sy
ongeluk die "wil van God"
en hy wil niemand daar-
voor blameer nie.

George, wat 'n kranige
sportman op skool was, sê
dat hy veral sy krieket mis.
"Maar dink het aan al die
ander sportsoorte waar-
aan ek kan deelneem, soos
tafeltennis. 'n Mens moet
dink hoe lekker dit gaan
wees en nie terugdink
nie," gesels hy glimlag-
gend.

Puk toe

Dit is duidelik dat Geor-
ge somer 'n volbloed Puk
is. Wanneer hy ontslaan
word, is daar net een paad-
jie vir hom — terug Puk toe!
Op die oomblik sal hy
graag met die kursus
waarvoor hy aanvanklik
ingeskryf het — chemiese
ingenieurswese — wil
voortgaan, maar hy sal la-
ter finaal daaroor besluit.

George is baie dankbaar
vir die trustfondse wat na
sy ongeluk gestig is, hoe-
wel dit hom ietwat verleë
maak. Die Puk het hom nog
net goed behandel en hy
waardeer die belangstel-
ling in hom opreg.

Dat niks vir die lewens-
lustige George Gibbens
gaan onderkry nie, is baie
duidelik. "Uitchecken" sal
hy nie somer nie!



● George Gibbens in sy hospitaalbed afgeneem toe die SSR hom verlede Vrydagaand besoek het. George is besonder posi-
tief ingestel en sê hy is nog lank nie aan die doodgaan nie.

Name gesoek

— Zelda Mocke —

ONS braai op die Fanie du Toit, eet in Voorhuis, draf klas
in die Frans du Toit, koop op die Bult, wag vir die trein op
Cachet en bly in Hombré. . . kan ons nie in iets anders as
"die restaurant in die Studentesentrum" eet nie, mekaar
by iets anders as die "Studentesentrum" ontmoet nie, ons
geld iewers anders as by die "nuwe administrasiegebou"
betaal nie, op iets korters as die "deurloop vanaf die duik-
weg tot by die Studentesentrum" of die "deurloop vanaf die
Studentesentrum tot by die Frans du Toit" stap nie en wil
die mans nie in iets anders as "die nuwe manskoshuise"
bly nie?

Kom Pukke - gooi julle neologismes en oorspronklik-
heid in bussie 13 by die "Studentesentrum" dan kan ons
almal minder praat om meer te sê.

Blou Winkel

Spesialiseer in mans- en
damesklerasie

Spesiale afslag vir studente:
25% afslag op mansklerasie
15% afslag op damesklerasie

Winkel 56
 Indiërsentrum

Tel: 6364
 21861

Beeldende Kunste

Letterkunde

Musiek

Teater



Foto: Frik Schoeman

● Een van die tonele uit 'All that snert' onder regie van Gerrit Schoonhoven.

Christo Coetzee
stal uit

CHRISTO Coetzee is op pad — die man agter daardie artistieke konglomerasie van fietswiele wat onder die horlosie in die reserveafdeling van die biblioteek hang.

Christo Coetzee is in 1929 in Johannesburg gebore. Hy matrikuleer aan die Parktown Boys' High School en behaal in 1950 die graad BA(BK) aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Op 21-jarige ouderdom hou hy sy eerste uitstalling wat 'n fenomenale sukses was. Vandag is Coetzee een van ons belangrikste avant garde-kunstenaars.

Hoewel hy Suid-Afrika gereeld besoek, woon hy in Spanje. Hy is 'n kunstenaar wat sy reputasie van eksentrisiteit en avant gardisme handhaaf deurdat hy al voor uitstallings, sy werke stukkend gekerf of pikswart geverf het.

Dit is merkwaardig dat die jaar waarin hy graadueer saamval met die begin van die Ruimte-eeu.

Die invloed hiervan is duidelik in sy werke te bespeur. Onderliggend hieraan lê die vraag of, aangesien die mens nie weet wat in die buitenste ruimte aangaan nie, die

kuns nie 'n moontlike idee van die aard daarvan kan bied nie.

Om Christo Coetzee se werk te kan begryp, moet 'n mens jouself toelaat om sy werke sonder inhibisies te sien en jou nie blind staar teen die sienbare van die ervaring nie.

Op die huidige stadium besit die Puk ongeveer 150 van Coetzee se werke. Dit kan beskou word as een van die omvattendste versamelings van dié skilder se werke.

Die uitstalling word op 31 Maart in die Frans du Toit se uitstallingslokaal geopen deur oud-minister J T Kruger. Die skilder sal self ook teenwoordig wees. Die uitstalling duur tot 9 April.

Alabama

ALABAMA soek na komiese sketse uit studentegedere. Die sketse moet geskik wees om twee komediantes drie minute lank besig te kan hou.

Die sketse wat gebruik word, kom in aanmerking vir 'n prys.

Meer inligting kan tussen 13h00 en 14h00 in die Alabama-kantoor bekom word.

Voltooide sketse kan in Bussie 18 by die Inligtings toonbank gepos word.

Tito Gobbi

DIE wêreldberoemde baron Tito Gobbi, lei op 11, 14, 17 en 19 Augustus 'n reeks meesterklasse in die Nico Malan operahuis in Kaapstad.

Die klasse is hoofsaaklik vir jong beroepsangers en gevorderde studente. Die klasse loop R40. Voornemende deelnemers kan inskrywingsform verky van die Opera-organiseerder Kruik, Posbus 410 Kaapstad, 8000. Die sluiting datum vir inskrywings is Junie.

Volkspele

DIE PU-Volkspelelaer hou op Saterdag 28 Maart 1981 om 19h30 sy jaarlikse Volkspele saamtrek in die Totiusaal. Volkspelelaer van die omtrek kom ditte aand saam met ons genie en alle Pukke word uitgedien. Volkspeleleer is nie verpligtend nie.

Revue-kabaret vol snert

"ALL that snert is Revue-kabaret vol snert. Dit is 'n stuk wat al die aspekte van menswees omvat".

So sien Gerrit Schoonhoven, die regisseur van

die Sjordé wat volgende week begin, dié stuk.

Dit is deel van 'n nuwe manier van teaterdaarstelling van ons tyd. Die regisseur maak gebruik van ironiese antiteses. Dit teer nie op een emosie nie.

Hartseer word vinnig afgewissel met humor en andersom. Dit is gebaseer op 'n ou standaard maar wil juis daardie ou standaard vernuwe. In der waarheid 'n "new wave koffiehuisconcert".

Die Sjordé is tussen 13h10 en 13h40 vanaf 30 Maart tot 3 April by die PU Kamertoneel te sien. Besprekings kan voor 12h00 by Mev Botha by die Departement Spraakleer en Drama gedoen word.

● Resensie

Kiepie en Kandas

— Rudolph Willemse —

JAN Scholtz se "Kiepie en Kandas" is 'n tradisionele voortsetting. (Dit wil nie sê dat dit swak is nie — dis net baie dieselfde.) Tussen "Snip en Rissiepit" en "Kiepie en Kandas" was daar weliswaar nie veel rolprentevolusie nie. "Lekker loslit", met ander woorde baie kommersiële die sentimentele skoolkys, twee mense wat mekaar altyd liefhet, maar dit nie besef nie, die gawe oulike oupa (in "Snip en Rissiepit" was daar die gawe oulike ouma), die ewige universiteit en ai, die vreeslike akademie... En dan is daar die wrede boef wat dit vir die twee wonderlike mense dit so moeilik maak — 'n holrug tema.

Die film kan sy sukses toeskryf aan die keuse van

die baie geslaagde voertuig? Rytuig? (Wat sal mens dit noem?), 'n baie snaakse Pierre Knoesen (wat nie altyd oortuigend hinkel nie) en 'n knap oupa Hofmeyer in die vorm van Alex Heyns. Zack du Plessis as prof Peacock stel teleur, veral wat sy Engelse uitspraak (en dit hier nogal sy vakgebied!) betref.

Friedrich Stark lewer goeie spel terwyl Debbie Labuschagne as Kiepie meer oortuigend is in die ernstiger tonele as byvoorbeeld in die power boudvat-aksie. Mooie Mieder Olivier is vreeslik boefagtig, maar dit is seker wat van hom verwag is. (Hy is mos die skurk). Willie van Rensburg speel die soort rol wat hy gewoonlik speel en hy speel dit soos hy gewoonlik speel.

Gebeure word spannend tot 'n mooi en gelukkige einde gelei terwyl die los draad van die eksamen nog swaai. (Ek is egter seker dat al drie geslaag het!) Die Nazi-tonele was heel snaaks maar ook wat die eerstejaar se telefoon-diensskapade betref word komiese effek deur oordrywing vervaag. Kandas se kamma-kamma liegstories werk nie lekker nie en Kiepie herstel sommerso van haar rugoperasie. Die huishoudelike drie blou oë gee egter gawe kleur aan 'n redelik geslaagde kommersiële Afrikaanse film.

● Resensie

Angelliera

— Jan Swanepoel —

IN Cloete se poësie is daar sprake van 'n botsing tussen die individu en die massamens. Kleinmenslikheid kom onder skoot, wat nie van Jan Rap kom nie, sê Boutens kom van sy maat. Voorskrif p 72, Siekte en raat 111. In "Walg" p 71 word die ek gestel teenoor "die 90 % lelike spul" van wie gesê word: "... hulle vreet brood en hulle pols sit in hulle skoot". Die doodgewone en alledaagse is vir die mens nie genoeg nie, soos blyk uit "Verleiding van die binne-lander" (p 59). In "Van mossies" (p 59) sien ons hoe alles in die mossies se heelal heel is, en tog word hierdie heelheid gerelativeer deur die verwysing

na hulle "uitgedunde toonleer". Tog is daar 'n aantal verse in "Angelliera" waarin "t eenvoudige Gods" ingoelie lig gestel word, soos in "Uitgedun" (p 76) en veral in "Reitoer" (p 78) waarin die wonder in die gewone pragtig verbeeld word.

In "Angelliera" is daar ook poësie van die angel, en 'n verskeidenheid van dinge loop onder hierdie angel deur. Soms is die satiriese aanslag lig soos in "Atlete" (p 38), soms is dit skerp soos in "Die kritikus" (p 57). In "Angelliera" word gereageer teen die veroppervlakkiging en leegheid van die "oorgasmekultuur" soos dit in "Sonbesiekultuur" (p 37)

geneom word. In "Vakansiegangers III en IV" word uitgebeeld hoe die mens Christus vergeet en sy eie paradys skep. Verder noem ons nog "Behoeftes aan ongunstige weers- en ander omstandighede" (p 30), "Lemmas" (p 25) en "Die jeug van vandag" (p 35).

In "Angelliera" word die lewe in sy bonte verskeidenheid bekyk. In hierdie spektrum word nie net getel op die "mooie" nie, maar op die lewe in sy totaliteit wat die negatiewe insluit. Dit kom mooi na vore in "Ek is" ("Lemmas" p 26):

ek is my artritis, brein,
(Vervolg op bl 6)

Porselein en Keramiek uitgestal

ELSPETHA Berkhalsen en **Barry Douglas** stal vanaf 23 tot 27 Maart porselein- en keramiekware uit in die foyer van die Departement Spraakleer en Drama.

Elsbetha-Berkhalsen het twintig jaar gelede van

Switserland na Suid-Afrika geëmigreer. Sy vind Suid-Afrika 'n baie stimulerende land veral wat kuns betref. Sy vind dat veral die natuur en die mense haar kuns grootliks stimuleer.

Sy beskou haarself hoofsaaklik as outodidakties — met 'n bietjie formele onderrig in beeldhouwerk.

Sy het reeds 'n hele paar keer uitgestal — hoofsaaklik as deel van 'n groep. In 1976 het sy die nasionale kunsuitstalling gewen.

Barry Douglas is 'n Johannesburgse wat as kunstonderrwyser aan die Johannesburg College of Education gekwalifiseer het.

Hy is die afgelope sewe

jaar 'n professionele pottebakker. Hy het al uitgestal in Johannesburg, Pretoria en Kaapstad. Vanjaar se werk is al in Europa verkoop.

In Mei vanjaar vind die hoogtepunt in sy loopbaan plaas wanneer hy in Heidelberg, Wes-Duitsland gaan uitstal.

ALABAMA

soek dringend na 'n Sintetiseerderspeler/ster
Moet kan blad lees
Doen aansoek tussen 13h00 en 14h00 by Horst Bütow, Studenteadviseur

Studente kla oor koshuise

"WARM water is baie skaars in Heide-dameskoshuis", het een van die inwoners gesê. "Na 17h00 is daar geen warm badwater nie".

— Gerda Snyman —

Dit is die grootste klage oor koshuisfasiliteite. 'n Ondersoek oor koshuisinwoning is na aanleiding van die verwelkomingsrede deur prof Tjaart van der Walt waarin hy sê die Puk is 'n plattelandse universiteit en die meeste studente is ver van hul ouerhuise en verkies dus koshuisinwoning. Stedelike universiteite het nie dieselfde mate van koshuisinwoning nie, daarom moet koshuise aan die verwagtings van studente voldoen, het hy gesê.

Uit die ondersoek blyk dit dat studente redelik tevrede is met koshuisinwoning. Behalwe dat die warm water skaars is by Heide, gaan die ligte op baie ongeleë tye uit. Wat die akademiese atmosfeer betref, kan daar na 20h00 eers in alle erns gewerk word.

Te klein

Wag-n-bietjie se ontspanningsaal is te klein en die gangsitkamers word nie benut nie, omdat hulle swak gemeubileer is. Volgens inwoners heers daar wel 'n akademiese atmosfeer.

Klagtes van Wanda en Kasteel is dat die badgeriewe, wat oorspronklik vir mans beplan is, nie aan die standaard voldoen nie. Die sitkamers is onpersoonlik weens swak meubilering. Volgens 'n eerstejaar van Wanda het die interkomstelsel aanvanklik baie gepla. 'n Mens kry buitendien baie meer uitgerig in die biblioteek as in die koshuis. Die dames meen dat die kos meestal goed is, maar daar kan minder vleis en meer slaai bedien word.

Inwoners van Caput en Hombre meen dat die kos goed is, maar die was-

otomate is ontoereikend. Die stiltetie word wel gehandhaaf om 'n akademiese atmosfeer te skep. Volgens 'n inwoner van Liberalia word daar in die koshuis baie sosiaal verkeer.

Die Kloostermanne het geen klagtes oor fasiliteite by hul koshuis nie. Hulle het immers hul eie swembad!

Volgens mnr Dirk Coetzee, hoof van koshuiseadministrasie, is daar die afgelope jaar heelwat verbeterings ten opsigte van fasiliteite aangebring.

Nuwe wasmasjiene is aangebring en die ou wasery is gesluit. Daar is onlangs kreukelvrye sin-

tetiese lakens aangekoop wat heelwat arbeid uit-skakel, omdat hulle nie gestryk hoef te word nie.

Die groenteverwerkingsaanleg in die Lettie du Plessis-kompleks het konsentralisering tot gevolg wat besnoeiing van koste en arbeid asook beter voorbereiding van kos beteken, het mnr Coetzee gesê.

In Februarie 1981 het daar 1760 dames en 1154 mans in Puk-koshuise tuisgegaan, teenoor die 1668 dames en 1097 mans in Oktober verlede jaar. Daar is nog plek vir ongeveer 60 tot 70 dames terwyl die manskoshuise steeds oorbeset is. Daar is nou ongeveer 970 dorpstudente.

Koshuise haak af

— Priscilla Luther —

OP 25 Februarie 1971 het Oosterhof en Makoulei verloof geraak. Die dames het die ja-woord gegee en 'n groot aksie is gereël waartydens Jannie Opperman die ring oorhandig het aan Hettie Coetzer, prim van Oosterhof en Kobus Kotze, prim van Makoulei.

Die spreekwoord wat sê dat ou liefde nie roes nie, is tog waar. Vanjaar het Oosterhof en Makoulei besluit om die knoop op 4 April 1981 deur te haak. Daar het egter 'n ander knoop ontstaan.

Dinsdagaand 17 Maart het Oosterhof 'n gangaksie met Caput gehad. Sestig studente het die aand in Sasolburg gaan skaats. Nat, koud en alsingende was hulle om twaalf-uur weer terug in Potch.

Dit is toe dat die Makouleiers besluit dat so 'n los meisie eers getugtig moet word. Die troue is uitgestel tot latere kennisgewing.

Intussen het Oosterhof al probeer witvoetjie soek. Dieselfde aand het hulle vir Makoulei gaan sê: "We are one-man women!"



● Villagers verkeer gesellig tydens die ingebruikneming van hulle ontspanningsaal Saterdag 21 Maart. Die geselligheid het die vorm van 'n "kaas-en-wyn" aangeneem. Die aand se verrigtinge het begin met 'n optog wat bestaan het uit twee eremotors waarin die pimaruis, Bert Sorgdrager, en sy HK vervoer is en 'n hele stoet motorfiets. Bert het die lint geknip en Pegasus se gat amptelik geopen verklaar.

Genesis bespreek

"IS Genesis dan verkeerd", was die tema van 'n kamp wat die Filosofiese Vereniging op 6 en 7 Maart aangebied het.

Die kamp is op prof B Duvenhage se plaas gehou waar daar ook genoeg ruimte was om op informele vlak te filosofeer. Vrydagaand 6 Maart het die debat ná 'n braaivleis begin.

Die wyse waarop Genesis geïnterpreteer moet word, is ondersoek en begronding uit die Skrif is aan die evolusieteorie gegee deur die volgende sprekers: Prof B Duvenhage, prof N T van der Merwe en prof B van der Walt. Van die studente het self as inleiers opgetree.

Volgens Bernard Hattingh was die kamp suksesvol veral omdat die helfte van die 25 kampgangers nie filosofiestudente was nie. Volgens hom begin die vereniging dus aan sy doel beantwoord, nl. om filosofie te bevorder onder diegene wat daarin belangstel, maar filosofie nie as 'n vak loop nie.



● Izak Minnaar, hoofredakteur van Die Wapad, oorhandig 'n prys van R25 aan Trudie Scholtz vir die beste berig wat geplaas is in die termyn September 1980 tot Maart 1981.

Trudie is beste verslaggewer

TRUDIE Scholtz, een van Die Wapad se verslaggeefsters, is aangewys as die verslaggeefster wat die beste berig die afgelope termyn geskryf het.

Die termyn het verlede

jaar September begin en tot Maart 1981 geduur.

Die uitgawes van Die Wapad wat in die tydperk verskyn het, is aan mnr J A Juyn van die Kommunikasiekundedepartement voorgelê vir beoordeling.

Trudie het gesê sy is in die wolke oor die R25 wat sy daarvoor gekry het. Op 'n vraag wat sy daarmee gaan doen, het sy gesê: "Wat van 'n nuwe rok?"

Lynn Pretorius, Rudolph Willemsse, Hermann de Villiers en Trudie Scholtz is as senior verslaggewers aangewys.

NG Kerk: Ds oor sending

DS A P C Duvenhage spreek die studente op Sondag 29 Maart na die erediens toe oor sy werk onder die Kleurlinge. Dit is deel van die Sendingaksie van die NG Kerk, Potch-Noord, se besluit om hul sending-rpoprogram vanjaar effens te wysig.

Volgens Riana Swart, sendingsekreteres, is die doel om meer mense te betrek en hulle in telig oor die praktiese sy van sendingwerk. Voorheen is 'n sendingweek gehou, wat baie organisasie gevege en onkoste meegebring het.

Goeie reaksie is ook nie altyd ontvang nie.

Vanjaar is vier sprekers genooi om studente meer te vertel van hul werk onder anderskleuriges. Di. Eddie Botha en Eddie Bruwer kom studente onderskeidelik in Mei en Augustus toespreek, terwyl nog 'n spreker vir September genooi gaan word.

Beurs besoek

'n GROEP studente besoek Woensdag 25 Maart die Johannesburgse Effekte beurs. Volgens dr G de Klerk is dit 'n tradisionele instelling van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe.

Die studente sal die oggend by die Effektebeurs selfdeurbring. Hulle sal 'n kernlesing oor die funksie en samestelling van die Beurs kry. Na afloop daarvan word die groep toegelaat om die vloer te besoek. Daar kan hulle dan presies sien hoe die verhandelings van effekte plaasvind, asook die bordruilings wat die stand van die effekte aandui. Sodra die oggendessie verby is, sal die studente middagete by die Beurs geniet.

Behalwe dat die besoek belooft om baie interessant en leersaam te wees, bied dit ook 'n gulde geleentheid om werk vir aanstaande jaar te kry. Ver-

skillende maatskappye stuur jaarliks hul verteenwoordigers om finalejaar B.Comm-studente te werf. Daar word dus direk met die studente geskakel. Baie van die poste vereis spesiale vaksamestellings bv 'Ekonomie en Bedryfs-ekonomie is 'n aanbeveling.

Aiesec-economica se bestuur reël die besoek. Enigene kan gaan. Dit kos R4 vir lede en R4,50 vir nie-lede. Kaartjies is by die bestuur verkrygbaar.

DEELTYDSE WERK

Daar word gesoek na 'n twee-dejaar/hoër student wat ongeveer 35 uur (kantoorure) per week kan werk.

Minimum loon R2,50 per uur. Kontak P Heenop of J van der Walt by Instituut Petrochemie. Natuurwetenskapgebou, Telefoon 22112 x 519

Bly weg van die viswaters totdat u by ons was!

SAYED'S

- *U eenstop hengelhoofkwartier in Wes-Transvaal.
- *Alles in varswater en seehengelgerei
- *Grootste verskeidenheid swartbaars en forel kunsaas.
- *Hengellisensies vir Transvaal en OVS asook kano's.



CRESSISUB
DUIK TOE-
RUSTING

STAP-, KAMP EN BERGKLIMTOERUSTING
Pytljies en borde, rugsakke, slaapsakke, tente,
potte en panne, gas- en paraffienstodies.

(HENGEL-DESKUNDIGES)

Potchefstroom

Tel: 3917/6892, Winkel 2, Indiërsentrum

Caput en Overs kla oor eerstejaarsontheffing

— Lynn Pretorius —

SENIOR manstudiante in Caput en Over de Voor voel baie ongelukkig oor die ontheffing van die eerstejaars wat militêre dienspilig gedoen het.

Kragtens 'n besluit van die Bestuurskomitee moes alle eerstejaars wat militêre dienspilig gedoen het, onthef word op 16 Maart. Dit geld ook vir dames wat op George was.

Dames- en manstudiante in Wag-n-Bietjie en Villagers wat al hul weer-magopleiding voltooi het voel dat hulle in die verlede eers saam met die res van die eerstejaars onthef is en sien geen rede waarom daar hierdie jaar onderskeid gemaak moet word nie.

Ongelukkig was daar 'n kommunikasiegaping. Die primarius van Villagers het byvoorbeeld geen amptelike kennisgewing ontvang oor die ontheffing

van die "weermag-eerstejaars" nie. Hy het die eerste keer van die saak vernem in Die Wapad van 20 Maart en kon dus nie die besluit van die Bestuurskomitee betyds toepas nie.

Die "weermag-eerstejaars" vorm nou 'n eie groep omdat hulle nie deel is van die seniorstudente

nie en ook nie deel van die eerstejaarsgroep nie.

Die "weermag-eerstejaars" is egter baie bly om hul ontheffing omdat hulle voel dat hulle wel 'n voor-sprong het op die gewone eerstejaar en daarom moet hulle nie soos gewone eerstejaars behandel word nie.

Liberalia spook met nuwe koshuisjasse

DIE spoke, gedrogte of dalk net figure wat verlede Dinsdagaand tussen die koshuise rondgesluit het was ouens van Liberalia op pad na 'n aksie met P3 van Vergeet-mynie.

Wat vir heelwat dames vreemd en spookagtig voorgekom het — 'n ding lyk mos maar anders in die nag as in die dag, veral as dit iets onbekend is — was Liberalia se nuwe tradisietoewoening.

Aangesien die winter vinnig nader skuif gaan ons sekerlik nog bekend raak met die blou jasse wat Liberalia soos een man gaan dra en dit dan hopelik nie weer vir spookverskynsels aansien nie.

Pik praat met studente

MNR R F (Pik) Botha, Minister van Buitelandse sake, sou op Donderdagaand, 26 Maart, 'n Nasionale Party-vergadering op die kampus toespreek.

Die vergadering sou in die groot lesingsaal van die Chris Coetzee-gebou gehou word.

Op die vergadering sou die Nasionale Party-beleid verkondig word en aspekte van opposisie-party se beleid sou onder die vergrootglas kom. Daar sou aan die einde van die vergadering geleentheid wees vir vrae.

Die vergadering val onder die afdelingsbestuur van Potchefstroom omdat

dit 'n openbare vergadering is, en sou dus oop wees vir alle mense. Studente van die universiteit, onder leiding van mnr Werner Eksteen, het die vergadering gereël. Mnr Eksteen is studente-organiseerder van die Nasionale Party op onder andere die Puk en Pote se kampusse.

Die takbesture van die Puk en Pote sou mnr Botha voor die vergadering ontmoet en gesellig saam met hom verkeer.

Dit sou die eerste openbare vergadering van die Nasionale Party kiesafdeling, met die oog op die verkiesing van 29 April, wees.



Mnr R F (Pik) Botha

Komitee vir swartes

'n Verteenwoordigingskomitee is gedurende 1980 ingestel om die swart personeel van die universiteit se belange

te hanteer. Dit bestaan uit agt swart werkers, wat deur die werkers self gekies word en mnr G J G Vermeulen, 'n dosent verbonde aan die Departement Bantoe-tale, is benoem. Mnr Johannes Lesabe van Sekuriteitsdienste is die voorsitter.

"Die doel van hierdie verteenwoordigingskomitee is om as kommunika-

Farmasie verander

DIE Puk se farmasiestudente sal vanaf 1982 'n ander leerplan volg. Tydens 'n kultuuraand wat PASV verlede Dinsdag aangebied het, is die onderwerp bespreek.

Die nuwe leerplan wat volgende jaar reeds vir die

eerste- en tweedejaars sal geld, lyk so:

Eerste jaar: Chemie, Fisika, Biologie, Wiskunde/Statistiek.

Tweede jaar: Biochemie (1/2), Mikrobiologie (1/2), Fisiologie, Farmaseutiese Chemie 1, Farmaseutika 1, Farmakologie 1. Derde jaar: Farmaseutiese Chemie 2, Farmaseutika 2, Farmakologie 2, Gesondheidskunde, Wetenskapsleer A (1/2). Vierde jaar: Farmaseutiese Chemie 3, Farmakologie 3, Farmaseutika 3, Geregte Farmasie (1/2), Farmasie-administrasie en Wetenskapleer B (1/4).

'n Lewendige redenasie is gevoer oor die beroep en sy probleme. In die loop van die aand is baie kwelvrae opgelos en was daar meer duidelikheid oor die rigting waarin Aptekerswese na aanleiding van die nuwe leerplan sal beweeg.

Vrystelling

STUDENTE wat van die vloedgeteisterde gebiede in die Karoo afkomstig is, kan volle vrystelling van losies- en klasgelde ontvang.

Volgens mnr Dirkie Venter van Finansiële Administrasie het slegs een student tot dusver by hom aangemeld om vrystelling van sy klas- en losiesgelde te verkry.

Die vrystelling van hierdie gelde is slegs vir een jaar geldig.

Pukplaas het plek vir 150

DIE Nooitgedacht-kampterrein by die Vaalrivier is met 43 hektaar vergroot. Die Puk het 'n aangrensende plaas bygekoop om meer verblyfruimte te skep.

Daar is 'n woonhuis en swembad op die nuwe terrein en saam met die ou deel bied dit huisvesting aan 'n groep van tot 150. Die twee plase vorm ook 'n

beter ekologiese eenheid. Op die ou terrein is 'n woonhuis, vier woonstelle en die tydelike geboue (wat agter die administrasiegebou gestaan het) wat as slaapsale ingerig is.

Die plaas het nou 'n riviervrystroom van een kilometer en is tussen Skandinawië- en Schoemansdrif geleë. Dit is ongeveer 'n halfuur se ry van Potchefstroom af.

Groep wat belangstel om op die plaas te kampeer, kan met mnr Horst Bütow by die Studentebüro in verbinding tree.

Opvoedkunde en B(Ed) vanaf 1981

VAN 1981 af kan studente Opvoedkunde as hoofvak neem vir verskeie grade, insluitende B.A. Die ander grade waarvoor Opvoedkunde as hoofvak geneem kan word is B.Prim(Ed.), B.A.(Ed.), B.Comm(Ed.) en B.Sc(Ed.).

Die kursus Opvoedkunde is gebore uit 'n behoefte wat ontstaan het by verpleegsters, joernaliste en veral aspirant-predikante wat op vormingswerk ingestel is.

Volgens mnr G J van der Westhuizen, dosent aan die Departement Opvoedkunde, gaan Opvoedkunde oor meer as net onderwys. Dis nie net skoolgerig nie, maar algemeen van aard. Die kursus word ook op ander universiteite aangebied.

Die nagraadse kursus B(Ed.), wat gelykstaande is aan Honneurs, word ook van vanjaar af aan die Puk aangebied. Die duur van die kursus is een jaar voltyds en twee jaar deelyds.

Studente wat vir die B(Ed.)-graad inskryf, moet in besit wees van 'n vierjarige geïntegreerde onderwysgraad B.A.(Ed.), B.Sc(Ed.), B.Comm(Ed.), B.Bibl(Ed.) of van 'n baccalaureus-graad, die nagraadse Hoër Onderwysdiploma of van 'n gelykwaardige onderwysdiploma.

B(Ed.) bestaan uit 'n algemene en 'n spesialisering deel. Op die Puk is daar 18 spesialiseringsopties. Die kursus word ook op ander universiteite aangebied, maar hulle spesialiseringsopties is nie dieselfde as die Puk's nie.



• Die feesfakkel wat by die Amajuba-fees gebrand het is aan die Puk geskenk. Die fakkel is deur die Voortrekkers aan die brand gestee en het gedurende die hele feestyd gebrand. Griet Gräbe en Petro Malan bewonder die fakkel waar dit nou 'n ereplek by die ingang van die kafeteria, by die trappe van die SSR-kantore, ingeneem het.

Volkspeler

Die PU-Volkspeler hou op Saterdag 28 Maart 1981, om 7:30 nm, sy jaarlikse volkspelesaaftrek in die Totiussaal. Pukke word uitgenooi om dit by te woon. Volkspelerdrag is nie verpligtend nie.



Wat doen die Interbiblioteeklening afdeling?

HET u al gewonder waarvoor IBL staan of wat die Interbiblioteekleningafdeling in die biblioteek doen?

Hierdie diens word beskikbaar gestel aan alle personele en nagraadse studente vanaf Meestersgraadvlak. Dit word veral vir navorsingsdoeleindes gebruik.

Aangesien dit vir 'n betrokke biblioteek onmoontlik is om alle materiaal oor 'n onderwerp in sy versameling op te neem is dit verstaanbaar dat daar elke dag baie aanvrae om interbiblioteeklenings is. Die interbiblioteekleningafdeling hanteer nie net aanvrae aan ander biblioteke nie, maar ontvang ook aanvrae vanaf ander biblioteke. Boeke sowel as fotokopieë van tydskrifartikels word in Suid-Afrika en vanaf die buiteland aangevra. In 1980 is 5 622 aanvrae vanaf ander biblioteke ontvang en 3 167 aanvrae aan ander biblioteke gestuur. Die diens in Suid-Afrika word gratis gelewer, maar vir oosese aanvrae word spesifieke tariewe gehef. Wanneer 'n aanvraag ontvang word, word gekontroleer of die publikasie nie wel in die biblioteek beskikbaar is nie. Volledige bibliografiese gegewens oor elke publikasie moet verkry word. Daarna word boeke in die **Gesamentlike katalogus** en tydskrifte in **Tydskrifte in Suid-Afrikaanse biblioteke** gesoek om vas te stel waar dit beskikbaar is en word dan direk daarvandaan aangevra.

Aanvrae word so vinnig moontlik hanteer sodat die boek of tydskrifartikel so gou moontlik vir die gebruiker beskikbaar sal wees. Aanvrae kan ook per teleks gedoen word om die diens nog vinniger te laat geskied. Plaaslike en oorsese teleksboodskappe mag met die toestemming van die universiteitsbibliotekaris gestuur word.

Indien gekyk word na die hoë boekpryse en aansakingskoste van publikasies is dit duidelik dat interbiblioteeklenings 'n onmisbare diens in elke biblioteek is.

NUWE JETTA



Die ruim nuwe VW Jetta het geland.

Met 'n spogsgrootte 520 dm³ bagasiebak. 'n Ruim kajuit met nuwe standaard van swierige binnekenmerke:

'n Omvattende toegeruste paneelbord met toereter en syferhorlosie (GLS-modelle). Getinte voorruit. Pluspoolpatypte kleuraangepas by ingevoerde velourmateriaalbekleedsel. En 'n verhitte agtervenster (GLS).

Beskikbaar in GL 4-spoed-handrat, GLS 5-spoed-handrat, GLS outomaties.

As u dus 'n motor wil loods met so 'n pragvoorkoms dat dit net deur sy indrukwekkende standaard van ingenieurswese en ruimte oortref word...

Vlieg Metta Jetta



VW JETTA

Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel: 4261

Harold's Volkswagen

'n Motorfiets bring jou tot voor die klas

DIE gemiddelde student het 'n versameling probleme wat moeilik te ewenaar is in enige ander gemeenskapsituasie. Heel bo-aan hang 'n alomteenwoordige finansiële krisis soos die swaard van Damokles. Motorfietsryers is betreklik skaars op die Pukkampus wat 'n mens laat wonder of studente aldag die voordele — veral finansiële — van 'n motorfiets besef.

Motorfietse gebruik baie minder brandstof en is buitendien sommer baie meer pret. Dit is 'n baie informele manier van vervoer en iets wat by 'n meer informele ouderdomsgroep — soos hier verteenwoordig — pas. Een van die groot voordele van 'n motorfiets is die feit dat hy hom op plekkies kan inwurm waar motors nie kan deur nie. Veral op ons kampus kan dit 'n mens 'n voorsprong gee. 'n Motorfiets neem jou tot by die lokaal waar jy wil wees. Daar is nie 'n naartoglike gesoek na parkering en 'n halfkilometer se loop aan verbonde nie.

Wanneer voordele van motorfietse in oënskou



• 'n Motorfiets is 'n goedkoop en doeltreffende manier van vervoer wat pas by 'n informele leefwyse soos op die Puk verteenwoordig.

geneem word, moet die dames tog nie voel dat hulle uitgesluit word nie. Suzuki het die oplossing vir daardie vinnige inhaal winkels toe tussen klasse wat gewoonlik ontaard in 'n gebankery deurdat 'n mens nie betyds terugkom op die kampus nie.

Met die splinternuwe, ultra-ekonomiese FA50 en FS50-fietse word sake aansienlik vergemaklik. Die meer konvensionele FA50 weeg maar 45 kg terwyl die FS50 10 kg meer weeg. Beide die fietsies

het mandjies vooraan, wat inkopies in 'n fees kan omskep. Prysgewys is dit 'n aanwys vir enige student en behoort veral byval te vind by die dames. Die FA is R379 terwyl die FS R459 kos.

Die dae waarin motorfietse net met eendsterte en blommekinders geassosieer is, is in ons dag en tyd vir goed verby. Ons kan nie bekostig om negatiewe simboliek aan 'n goedkoop en doeltreffende vervoermiddel te heg nie.

Suzuki Distributors (Pty) Ltd/(Edms) Bpk

SUZUKI

The most fun under the sun · Die grootste pret onder die son

140 Second Street/Tweedestraat 140 · Box/Postbus 768 · Springs 1560
Republic of South Africa/Republiek van Suid-Afrika · Tel. 812-1320 · Telex/Teleks 86470

SPEZIALE
STUDENTE-AANBOD



SPEZIALE STUDENTE AFSLAG!

Die hoofkantoor van Suzuki het besluit om die spesiale studente-afslag aan Potchefstroomse studente aan te bied.

(Die aanbod geld ook vir personeel).

Dit beteken dat 'n student by enige gemagtigde Suzukihandelaar 'n motorfiets kan koop en beding vir die bes moontlike prys. Die afslag word gemaak afgesien van die metode van aankoop, finansiering, afbetaling, ens.

Daarna handig die koper net sy afskrif van die verkoopsbestuurder by Pieter Opperman, Tambotiewoonstelle 18, Molenstraat 91 in, wat dit aan Suzuki sal stuur. Suzuki sal 5% van die verkoopprijs van die motorfiets aan Pieter stuur wat dit op sy beurt aan die koper sal oorhandig.

Skakel Pieter by 24192 vir verdere besonderhede. Kontak hom nou en bespaar petrol.

U gemagtigde Suzuki-handelaar

FRANK'S MOTO-X

Lombardstraat 13, Tel: 5723



OK and SUZUKI team up with the latest in fashion.



Win a Ladies Suzuki 50cc in our FREE COMPETITION

U gemagtigde Suzuki-handelaar

FRANK'S MOTO-X

Lombardstraat 13, Tel: 5723



OK SUZUKI COMPETITION

Enter this free competition and win your own Suzuki 50cc Motor Cycle. Skrywe in vir hierdie gratis kompetisie en wen u eie Suzuki 50cc Motorfiets.

14 SUZUKI 50cc's TO BE WON
14 SUZUKI 50cc's KAN GEWEN WORD
8 FS 50cc
3 FZ 50cc
3 FA 50cc

Answer the following easy questions, and put in the special box provided in the OK Showroom, Sportswear Department.
Antwoord in die volgende maklike vrae en pos in die spesiale bus in die OK Vertoonkamer, Sportsdrag afdeling.

Name/Naam: _____

Address/Adres: _____

Telephone/Telefoon: _____

Name of OK Branch/Naam van OK Tak: _____

1. Name the 3 Suzuki Motor Cycle Models designed especially for women.
Noem die 3 Suzuki 50cc Motorfiets Modelle spesiaal gemaak vir dames.

.....
.....

2. What is the Brand name of OK Ladies Sportswear?
Wat is die naam van die handelsmerk van OK Damesportdrag?

.....
.....

3. Give the name of the Suzuki dealer in your area?
Gee die naam van die Suzuki handelaar in u area?

.....
.....

4. Say in less than 15 words why you shop for clothing at the OK:
Sê in minder as 15 woorde waarom u u klere by die OK koop:

.....
.....

RULES/REÛLS:

Entries close Saturday 2 May 1981. The judges decision is final and no correspondence will be entered into. The staff of OK Bazaars and Suzuki and their dealers may not enter.

Inskrywings sluit Saterdag 2 Mei 1981. Die beoordelaar se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal aanvaar word nie. Die personeel van OK Bazaars en Suzuki en hulle handelaars mag nie deelneem nie.

die WAPAD

Meer poste vir anderskleuriges?

Ons het verlede week berig dat die Departement Bantoeitale twee swart "moedertaalassistentente" aangestel het om hulle in doserende hoedanigheid by te staan. Vandeeweeke het ons gehoor dat daar verlede jaar 'n oorwegend swart verteenwoordigingskomitee tot stand gekom het wat na die swart personeel se belange moet omsien. Die ABKS maak reeds van swart konsultante gebruik. 'n Groot deel van die Puk se personeel — sekuriteitswagte, skoonmakers en kokke by koshuise, kafeteriapersoneel, ens. — is anderskleurig.

Die Puk neem goeie inisiatief (en doen die logiese) deur anderskleuriges aan te stel in ander as die tradisionele poste.

Die volgende stap behoort te wees om anderskleuriges aan te stel in poste waar hulle behulpzaam kan wees in navorsing en onderrig in hulle eie tale, hul geskiedenis, volkekundige aspekte, Afrikanistiek, Bantoeïstiek, Ontwikkelingsadministrasie, en ander logiese rigtings wat te doen het met anderskleuriges of gemik is op die werk met hulle.


Op hierdie manier kan die Puk enersyds bydra om mure tussen mense af te breek wat in die weg staan van sinvolle samewerking en andersyds probeer om die bestaande antagonisme oor samewerking op logiese terreine te verminder.

Dit kan moontlik ook die deure open vir die uitbreiding van bestaande dienste sodat dit meer toeganklik vir anderskleuriges is; vir die benutting van bestaande fasiliteite wat nie oral geredelik beskikbaar is nie; en deur dit alles ook die uitdrukkings van ons CHO-karakter na ons medemens.

HOOFREDAKTEUR: Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makoulei. Tel. 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.

Boodskappe kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.

Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 18h30



God eis nie tradisievasheid nie, maar Skrifgehoorsaamheid.

Mattheus 15: 1—20

Hoe langer Christus op aarde gepreek het, hoe meer het die Fariseërs en Skrifgeleerdes na 'n geleentheid gesoek om Hom te betrap op 'n punt, sodat hulle Hom kon aankla voor die Joodse Raad. As Hy skuldig bevind kon word, so het hulle geredeneer, sou hulle kon bewys dat Hy nie is wat Hy voorgee om te wees nie.

Volgens die tradisie of oorlewering van die ou mense was die Jood verplig om sy hande te reinig elke keer as hy aan 'n onrein voorwerp of mens geraak het met liggaam. Hierdie reiniging het niks te doen met higiëne nie, maar het daaruit bestaan dat die hande met 'n seremoniële rite rein verklaar is.

Hierdie tradisie was ook nie gebaseer op 'n Skrifuurlike eis nie — dit was bloot 'n oorlewering of tradisie.


Maar nou het die Skrifgeleerdes en Fariseërs die tradisie van die ou mense gelyk gestel met die Woord van God. Omdat Christus dit weet, val Hy sy aanklaers juis op hierdie punt aan: Dit was 'n gebod van God dat elk sy vader en moeder eer moet bewys en met gawes moet dien. Ouers kon dus van tyd tot tyd eis om sekere gawes te ontvang. Maar die tradisie het bepaal dat kinders hiervan kon loskom as hulle vir hulle ouers gesê het dat die betrokke gawes 'n offer aan God is. So het tradisie die gebod van God kragteloos gemaak.

Daarmee sê Christus aan sy beskuldigders dat hulle aanklag nutteloos en sinloos is. Hulle verwag dat die dissipels tradisies moet nakom, terwyl God eis dat Sy gebod nagekom moet word.

Is ons gebedslewe uit gewoonte of tradisie? Is ons (soms) goeie tradisie of goeie gehoorsaamheid aan God? Is ons kerkbywoning 'n goeie tradisie of gehoorsaamheid aan God? Is ons lewenstyl een groot goeie gewoonte of is dit diens aan God? Is ons koshuistadisties ter wille van tradisies of ter wille van God?

God ken ons harte — en Hy vra gehoorsaamheid aan Hom en nie net die nakoming van goeie tradisies nie.

Jan-Louis du Plooy



Jammer meneer, maar ons het regtig nie tyd nie...

● Magersfontein Studente teen petisie

SWAK taalgebruik en afwesigheid van 'n afgeronde tema is die redes wat aangevoer is in 'n petisielys teen "Magersfontein, O Magersfontein" van Etienne Leroux, 'n voorgeskrewe werk vir Afrikaans-Nederlands III.

Slegs twee studente het teen die insluiting van die boek in die sillabus geteken, terwyl veertig studente teggenswoordig daarvoor was.

Die dame wat die petisielys opgestel het sê die doel daarmee was om die studente krities teenoor die boek in te stel. Sy het gehoop dat die meeste studente nie die boek sal koop voordat die mening gepeil is nie.

Die studente wat vir die boek gestem het se mening is dat die boek baie aktueel is. Die studie van die boek kan aan hulle 'n literêr-kritiese basis gee, waarin hulle leiding nodig het.

Prof D H Steenberg wat die boek voorgeskryf het, sê dit word gebruik as studiemateriaal en nie om die inhoud daarvan te onderskryf nie. Hy sê dit is die belangrikste en nuutste werk van Etienne Leroux, wat nie onbehandeld gelaat kan word nie.

Krities

Die Christelike karakter word uitgedra deur die studente krities te lei in die studie van die boek. Die hele terrein van die letterkunde moet gedek word, sodat studente krities na literêre werke kan kyk.

Prof Steenberg sê dit is

die verstaanbaarste van al Leroux se romans. 'n Student wat nie 'n werk van Etienne Leroux bestudeer nie is soos 'n student wat anatomie bestudeer sonder om na die mens se ledemate te kyk.

Hy sê 'n literêre werk van so 'n formaat het 'n grondige rede om te bestaan. Dit maak die lewe rondom die veldslag aktueel en lewendig en bring die huidige tyd in verband met die negentiende eeu. Dit beskryf die positiese van die tyd naamlik kritiek op gebreke in die samelewing.

Versigtige hantering

Die boek vereis versigtige hantering in klassituasies wat nie tot verleentheid sal lei nie. Hy meen die derdejaars is volwasse genoeg om die boek te bestudeer. Hy sal die boek nie aan jonger studente voorskryf nie.

Prof Steenberg het die tema van die boek na vore gebring as 'n poging om teen die agtergrond van 'n tragies-komiese gebeurtenis van die verlede, oor ons tyd deur middel van 'n moderne kommunikasie-medium te besin. In die middel hiervan is die verlorenheid en ankerloosheid van mense. Die verhaal is geloofwaardig en

bevat lewende voorbeelde.

Die woordgebruik word in 'n bepaalde konteks van balans geplaas. Hy meen dat die skrywer in sy doel slaag om afkeer te bewerkstellig.

In die verlede is die boek slegs aan nagraadse studente voorgeskryf. Die

meerderheid ontvang nie verdere formele onderrig nie en moet voorgaands reeds soortgelyke werke bestudeer. Hy sê studente se belangstelling was oorweldigend.

Prof Steenberg meen 'n beter manier as die petisielys is om literêre krities op te tree.

Angelliera

(Vervolg van bl 2)

poliomiëelitis, pyn drek droom my hart en my tumor is eke is fallus karsinoom alles.

Hier, soos elders in 'Angelliera' wend Cloete 'n enumerasietegniek aan om die verskeidenheid en omvattendheid van lewete verbeeld. In die motto by "Lemmas" staan daar dan ook:

"that poetry should celebrate the objects by simply naming them". Dit is voorts opvallend hoe Cloete in sy werk 'n hele aantal natuurwetenskaplike terme in die poësie inburger.

In die sterk slotgedig "Vertelde tyd verteltyd" (p 80) kom die digter se visie op taal en gevolglik ook op poësie, mooi tot uitdrukking. In taal is die mens besig om God se skepping te benoem. Dit het hy van die begin af gedoen, doen hy steeds en sal hy steeds doen. Ons het hier te doen met 'n religieuse visie op taal en poësie. Dit is 'n visie wat, heeltemal selfstandig, aansluiting vind by Van Wyk Louw se "Groot Ode" wat afsluit met die woorde: "ander name sluiem nog".

Waar ons in die voorafgaande bespreking veral die aandag gevestig het op die verbande wat in Cloete se poësie aanwysbaar is, mag nie uit die oog verloor

word nie dat, alhoewel die gedigte in hierdie bundel op mekaar inspeel, die individuele gedig self as gedig in eie reg kan staan. Ons kan dit so formuleer: wat in enkele gedigte aanwysbaar is, is ook in die geheel aanwysbaar, en omgekeerd. Maar die individuele gedig staan primêr.

Onder die talle sterk gedigte in die bundel sou ek die volgende uitsonder: die siklus "Tuin" in besonder die derde gedig in hierdie reeks: "Harba lori fa"; "Alles om hulle is mooi (Vakansiegangers IV); "Ballade van die patriot"; "Marilyn Monroe foto in blou"; "Ek is"; "Van alfa tot omega"; "Stukwerk"; "dito's"; "Koisie" en "Vertelde tyd verteltyd".

'Angelliera' is 'n sterk debuut, en nie net as debuut staan dit sterk nie. Dit is 'n bundel met 'n wye skopus, 'n visie en 'n eie stem. Dit is poësie met 'n sterk liriese inslag, met fyn ontginning van klanklike en ritmiese effekte. Cloete beheers sowel die sogenaamde vrye vers as die meer konvensionele rymende vers met vakmansvaardigheid. 'Angelliera' is 'n belangrike toevoeging tot die Afrikaanse poësie.

SAUKTV

(Vervolg van bl 1)

nie 'n karnavalkoningin het nie.

Mnr Syffert sê die SAUKTV het geen kwade gevoelens teenoor die Puk nie en die program wou eerder provinsies as universiteite dek. Hy sê Verslag is 'n Afrikaanse program en wou daarom net Afrikaanse universiteite

insluit.

Die publiek sou egter nie die provinsie idee volg nie want RAU en TUKS is in dieselfde provinsie.

Hulle sal waarskynlik dink dat die Puk hul geld swak bestee of te min geld insamel om noemenswaardig te wees.

Dampadkoshuise soek name

— Zelda Mocke —

DIE gebou langs die pad na Potchefstroom se dam is twee manskoshuise in wording.

Elke koshuis sal voorsien wees van twee woonstelle vir matrones, 'n woonstel vir die huispa, wasgeriewe, 'n interkomstelsel en 'n parkeerterrein.

Die koshuise het elk vier vloere. Ontspanningsale, gesels- en televisiekamers al in elke koshuis versprei wees.

Daar is plek vir 260 studente per koshuis. Die helfte van elke koshuis bestaan uit enkelkamers wat beteken dat 'n derde van die studente in enkelkamers sal bly.

Die nuwe koshuise, Caput en Hombré gaan 'n gemeenskaplike eetsaal hê.

Die projek kos na raming R4 miljoen. Aangesien die Puk 'n tekort het aan moderne en goed toegeruste manskoshuise sal dit die eerste van 'n kompleks van vier wees. Die derde en vierde koshuise sal opgegrag word waar Hombré en Caput nou staan.

Die nuwe koshuise behoort teen 1982 betrek te word en daarom kan die

Puk-studente aan gepaste name dink en dit in bussie

13 by die Studentesentrum gooi.



● Een van die sogenaamde "dampadkoshuise" in wording. Studente word uitgenooi om 'n oorspronklike naam vir die koshuise te bedink.

SSR-brokkies

DIE volgende sake is op die SSR-vergadering van 18 Maart bespreek:

Die eerste daktuinkonsert was geslaagd, hoewel die bywoning swak was. Dit is op inisiatief van Fielies Kotzé gehou.

Daar word beplan om 'n meer sosiale atmosfeer in die kafeteria te skep. Die kafeteria gaan moontlik vergroot word en aandag sal ook aan die meublement geskenk word.

Meer afdakke vir Pukvoertuie word beplan.

Brosknopies is nou by die inligtingshokkie beskikbaar vir studente wat vanjaar die broseksamen geslaag het.

Na-uurse studente wat 'n Puk-kleurbaadjie wil koop, maar nie broseksamen geskryf het nie, moet 'n mondelinge broseksamen aflê by Lukas van der Merwe, SSR-lid vir 'U-kleure.

SSR-raadsaal

'n In- en uittekenstelsel vir gebruikers van die Moontlike affiliasie van die Vaalrivierpukke by

die ASB word beplan.

SSR-raadsaal gaan ingestel word. Boetes van R10 gaan opgelê word aan mense en instansies wat die raadsaal in 'n swak toestand agterlaat.

Daar word na 'n persoon gesoek wat saans die dameskroeg kan beman.

Heide se nuwe T-hempie en sweetpak en Oosterhof se nuwe sweetpak is goedgekeur.

Verkiesing

Jan-Louis du Plooy is as hoofverkiesingsbeampte vir die komende SSR-verkiesing benoem. Anton Fick en Willem Fourie word as onderhoofverkiesingsbeamptes benoem.

Tuks-jool

Twee SSR-lede sal vanjaar die Tuks-jool bywoon. Hulle is Christo Scholtz en Wim Vergeer.

Radio-Tuks het Radio-Puk uitgenooi om tydens hul jool daar op te tree.

Vanjaar se Raadsdialoog sal aan die begin van die tweede semester plaasvind. Aktuele kampusituasies sal bespreek word.

Busdienste

Dit wil voorkom of die busdienste wat tydens die vakansie aangebied word, nie baie suksesvol gaan wees in die April-vakansie nie. Die hoop word uitgespreek dat dit in die daaropvolgende vakansies beter ondersteun sal word.

Puk-vlaggies wat met intervarsity gebruik kan word word in die vooruit sig gestel.

Trapkarbaan

Die trapkarbaan sal op Saterdag 16 Mei geopen word.

Die Besembos is nou by die inligtingshokkie teen R6,00 per eksemplaar beskikbaar.

'n Bierbeker met die universiteitswapen is aan George Gibbens geskenk tydens die SSR se besoek aan hom op 20 Maart.

Vertoonkas

Daar word beplan om 'n vertoonkas in die Studentesentrum te sit, waarin verskeie Pukklers van verskillende verenigings uitgestal sal word.

Die doel hiervan is om al die kleren wat oor die jare gedra is bymekaar te hou en te vertoon, sodat dit nie verlore gaan nie.

Koshuise vereffen skuld

DAAR is tot ooreenkoms gekom dat die koshuise wat geld verskuldig is aan Die Wapad vrygestel word van hul skuld van verlede jaar en toegelaat word om vanjaar se bedrag eers in die tweede semester te betaal.

Die koste van Die Wapad bedrae per eksemplaar ongeveer 25 sent. Studente betaal net R1,00 vir twintig uitgawes van Die Wapad. Dit beteken dat hy net 5 sent per eksemplaar moet opdok. Die Wapad is grootliks afhanklik van hierdie geld om sy begroting te laat klop, en baie sal saamstem dat die bedrag tog nie onbillik is nie.

Barend Kirsten, voorsitter van Koshuisraad, sê die bepaling is dat studente se bydrae tot Die Wapad in die toekoms by hul koshuiskasgeld ingesluit sal wees.

Vyftig eksemplare word

weekliks in die dorpskoshuise se kantore geplaas en dan deur die studente self afgehaal.

Jan-Louis beplan dieptevraelys

'n VRAELYS wat die studentelewe in diepte sal evalueer en die studentestruktuur sal heroorweeg, word deur Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, beplan.

Die doel daarvan is om behoeftes te identifiseer en studente te motiveer om met voorstelle voren-

dag te kom wat op 'n massavergadering vir goedkeuring voorgelê sal word. Gereelde massavergaderings sal vervang word met 'n jaarlikse studentekongres. Die vraelys is moontlik ook 'n jaarlikse instelling. Massavergaderings kan volgens behoefte tussenin gehou word.

Die vraelys is opgestel na verskeie menings van onbetrokkenheid in die studentelewe.

Restaurante kry ou koshuisname

TYDENS 'n vergadering van die Beheerkomitee is besluit om die restaurante in die kafeteria na die name van ou koshuise te vernoem.

Restaurant A is na Heimat vernoem en Restaurant B na Uitspan.

In 'n onderhoud met Fielies Kotzé, SSR-lid vir Studentesentrum, het hy gesê dat ondersoek ingestel is na vele klagtes teen die restaurante. Menige het gekla oor swak bediening, en swak kos. Dit alles is egter onwaar.

In die ondersoek is vasgestel dat pryse baie goedkoper en die kos van baie beter gehalte is as die van die dorpsrestaurante.

Verder word daar ondersoek ingestel om 'n

meer sosiale en warm atmosfeer in die kafeteria te skep.

Jan-Louis aan stuur van Besembos

DIE nuwe Besembosredaksie vir 1981 is bekendgemaak. Die hoofredakteur is Jan-Louis du Plooy, die subredakteur is Jurie van der Walt en die sekretaresse is Lynn Pretorius.

Die finansiële redaksie bestaan uit Neil Hartman en Sarel Venter.

Jurie van der Walt staan aan die hoof van die inligtingsredaksie. Hulle is Trudie Scholtz, Marinda Potgieter, Alrina Bester, Janette Kingma, Cecelia Venter, Essie Steyn, Marinda Fourie, Renate Woute, Nicolene Hanekom en Estie Bekker.

Die uitlegredaksie bestaan uit Johan Myburg aan die hoof en Esmie van der Schyff, Elmiën Conradie, Piet Cronje, Leonora Dippenaar, Nico Killian en Carlien de Beer.

Jan-Louis sê hulle beplan om die Besembos vir 1981 in September te laat verskyn. Die onderskeie redaksies vergader reeds in volgende week om jaarbeplannings en begrotings op te stel.

Besembos binnekort te koop

DIE Besembos van 1980 sal voor en tydens die gradeplegtigheid by die inligtingshokkie beskikbaar wees.

Die jaarblad is in hardeband gebind en die papier is van baie hoë kwaliteit. Die talle foto's illustreer die jaar se bedrywighede. Die tema van die boek is Klipoog, die studentenaam vir die Studentesentrum.

Die Besembos sal ook tydens die gradeplegtigheid in die foyer van die auditorium te koop wees. Dit sal 'n aanwinst vir elke Puk se boekrak wees.

Die rede waarom 1980 se Besembos so laat verskyn, is dat studente hul inligting eers teen die einde van 1980 ingehandig het. Sommige het selfs nog aan die begin van 1981 stukke ingehandig. In die redaksie self is ook probleme ondervind.

Oom Piet Fotokuns is verlig dat die Besembos uiteindelik kan verskyn. Hy hoop dat soortgelyke probleme nie weer sal kop uitsteek nie. Oom Piet wat vir die foto's en bladuitleg verantwoordelik was sê die blad is waarlik 'n produk van hoë kwaliteit.

Volgens mnr J L du Plooy, redakteur van Die Besembos vir 1981, beplan die redaksie om 1981 se uitgawe reeds teen die einde van die jaar die ligte laat sien.

Promosa vra nog mense

DAAR is op die oomblik genoeg mense vir die klasse wat in Promosa aangebied word. Daar was 'n oorweldigende reaksie op die berig dat mense vir klasgee benodig word. Mense wat in Engelsmedium kan klasgee, word nog benodig vir die klasse in Ikageng.

Op hierdie stadium bestaan daar egter nog 'n groot behoefte aan mense wat in die middag en veral oor naweke kan help met die organisasie van sport in Promosa. 'n Groot sportklub gaan gestig word waarin die volgende sportsoorte betrek gaan word: netbal, hokkie, rugby, sokker, atletiek, landloop, vlugbal en gimnastiek.

'n Vrouewerksgeleskap is met groot entoesiasme

gestig. Damestudente wat handig is met handwerk, naaldwerk en koskook, kan hulle gewig hier kom ingooi. Vergaderings word elke tweede Saterdagmiddag gehou.

SGD het vanjaar, soos verlede jaar, 'n oorweldigende reaksie gekry op hulle uitnodigings aan studente om aan hul medemens diens te lewer.

Sanet's Health Shop

- Gesondheidsvoedsels
 - Verslankingsmasjiene
 - Natuurlike skoonheidsmiddels
 - Dieetvoedsels
 - Homeopatiese middels
- Matherbestraat 42
Telefoon 5444

CHECKERSSENTRUM, TEL. 24691

Debbies

**Bring u die Ooste
ONS SPESIALISEER IN:**

- Materiale
- Patrone
- Kramery
- Randpatrone



Bussie 13 Studenteraad

DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.

Makouvleiers lys koshuisgriewe

Meneer

Met die aanvang van hierdie akademiese jaar, het ons met leedwese kennis geneem van die verhoogde koshuisgelde. Daar was hoop dat ons soortgelyke diens as verlede jaar of selfs beter dienste kon verwag.

Daar bestaan egter 'n paar gegronde besware by die inwoners van die koshuis. Met teleurstelling wil ons graag deur middel van hierdie medium ons teleurgesteldheid aan die betrokke owerhede oordra.

BADKAMERS:

● Basiese toebehore soos wasbak- en badproppe ontbreek geheel en al vir 'n geruime tyd.

● Gemiddeld elke derde dag vir die afgelope tyd was daar geen warmwater beskikbaar nie.

● Storte is met die helfte verminder.

● Die wasplekke is slordig, verwerk en reparasies is lankal nodig.

SITKAMERS:

● Die koshuis is hierdie jaar oorvol. Daar is plus minus 80 studente in Ma-

koulei. Die sitkamer beskik slegs oor 18 stoele wat meebring dat die meerderheid op die grond moet sit.

● Die ontspanningsaal is ons ontnemend deurdat daar studente geherberg word.

KOFFIEMASJIE:

● Nieteenstaande die groter aantal studente in die koshuis word die hoeveelheid koffie, melkpoeier en suiker vermindert in vergelyking met verlede jaar. Dit bring mee dat daar vroegaand geen

van hierdie fasiliteite beskikbaar is nie.

In die verlede was daar geen ernstige besware teen die dienste wat gelewer is nie. Gesien in die lig van die verhoogde gelde is dit logies dat beter dienste verwag kan word.

Indien daar nie binnekort aandag aan hierdie besware gegee kan word nie, sal die inwoners tevrede wees met 'n ongeriefstoelaag of verminderde koshuisgelde.

Makouvleiers

Wag vergeefs vir kos

Meneer,

Ek stap nou die dag tien minute oor een by die eetsaal in — uitgehonger na 'n dag se harde "arbeid". Met verlangende oë moes ek toekyk hoe die ou voor my die laaste ou mondjievol aartappelslaai in die bak bymekaarskraap! Maar ek was honger en heeltmaal bereid om te wag vir die volgende bak... net om na vyf minute wat ek daar gestaan het, uit te vind dat die aartappelslaai gedaan is en dat daar nie meer gemaak word nie!

Die eetsale is veronderstel om halfwee toe te maak. Is hulle nie veronderstel om tot dan 'n volle ete te voorsien nie?

Uitgehonger

Klooster eerste met oorpakke

Meneer

Na aanleiding van die berig in Die Wapad van 6 Maart 1981 op bladsy 5 deur Zeldia Nel oor Villagers se nuwe voorkoms wil ons u aandag op 'n paar sake vestig.

Nadat Klooster reeds 'n bestelling vir ons oorpakke geplaas het, het ons opgemerk dat dieselfde agendapunt op Villagers se plakkate vir 'n koshuisvergadering dien. Hiermee weerlê ons die vraag van mnr. Sorgdrager oor Villagers se oorspronklikheid. Ook hou ons nie van

die idee dat ander koshuise ons voorbeeld navolg nie.

Insake die stelling dat sommige lei en ander volg, wonder Klooster net wie nou eintlik lei en wie nou eintlik volg. Dit vra ons omdat ons in elk geval ons oorpakverskyning eerste op die kampus gemaak het.

Oor die aantreklikheid van die oorpakke net die volgende: In beide gevalle moet daar na die beste kant van die persoon gekyk word om te sien waar hy vandaan kom.

Frans Steyn

Meneer

Dit is 'n Dinsdagaand en jy ry terug na die universiteit in SGD se Kombi. 'n Rukkie tevore het jy voor 'n klas in Promosa gestaan. In jou gedagtes maal dit nog steeds van die Franse rewolusie, Hitler en ook die lawaai van die kinders. Tog, voel jy gelukkig, want jy voel jy was diensbaar. Jy het gehelp (al is dit beskeie) om aan iets te bou.

Aan die einde van 'n dag, miskien laat in die nag, as alles stil raak en jy begin dink, dan wonder jy: Jy begin wonder en vra vrae soos: Waarom is ek hier? In hierdie land Suid-Afrika? Wat is ek besig om te bereik? Die dinge waarvan ek behoort? Waarvan

Paksas:

Argumente nie sinvol nie

Meneer

Na my mening het die stigting van Paksas eensins die behoefte van die politieke denkende student bevredig nie. Ook die vlugskrif uitgegee deur Paksas rym myns insiens glad nie.

Die Aksie is gestig as 'n oorkoepelende liggaam om splintergroepe wat konserwatief dink in 'n eenheid saam te snoer. Die vraag is egter: "Watter 'eenheid' beoog die Aksie en met watter doel? Volgens die vlugskrif is dit om 'n verenigde Volksfront bymekaar te bring". Maar is dit die enigste doelwit?

Op 'n koshuisvergadering van Hombré het die voorsitter van Paksas 'n soort toekomsdoelwit daargestel. Tydens vraelyste en op 'n vraag of daar 'n band tussen Paksas en AET is, het die volgende na vore gekom: Paksas wil hom eensins met enige politieke party of 'n groep soos AET verbind nie.

Niks rym meer nie. Paksas verbind hom met geen politieke party nie, aangesien sy lede uit onder andere NP- en NKP-lede bestaan, maar tog (en dit staan in die vlugskrif) "verbind die Aksie hom om politieke partye en groepe wat sy doelstelling bevorder, aktief te ondersteun". My probleem lê in die volgende: Kan lede van verskillende politieke

partye lojaal aan sy party bly én saamstaan in 'n groep soos Paksas "om politieke partye of groepe aktief te ondersteun wat hulle doelstellings bevorder", of, wat verstaan die Aksie onder "aktief te ondersteun"?

Soos omtrent elke politieke party of groep huldig Paksas ook die Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing en erken in geloof en gehoorsaamheid die Woord en Oppergesag van die Drie-enige God, Beskikker oor die lotgevalle van volkere. Hiermee het Paksas nie die drang na nuwe perspektiewe opgelos nie. Paksas verval net soos die ander partye of groepe dat hulle nie presies kan sê wat hulle onder 'n Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing verstaan nie. Dit wat hulle huldig bly dus vaag. Ons besef almal dat 'n Christelik-(Nasionale) lewens- en wêreldbeskouing nodig is, maar almal se uitkyk verskil tog.

Ook sal Paksas moet antwoord, sonder om betekenislose of onrealistiese standpunte weer te gee, hoe hulle "met volle erkenning en geleentheid-skepping vir die swart- en ander kleurvolke van SA tot volwaardige en soewereine entiteite in hul eie reg" prakties wil implimenter.

By my bestaan daar geen

illusie dat daar 'n behoefte by studente van alle denkrigtings bestaan dat nuwe perspektiewe op die beleidsrigting en doelstellings van alle politieke partye en groepe nodig is nie. Daar moet ook besin word wat bereik is "Op die pad van Suid-Afrika", as ek wyle D F Malan se woorde mag aanhaal, en dit wat bereik moet word en die wyse hoe dit gedoen moet word.

In die lig hiervan wil ek graag studiegroepe bepleit wat uit klein groepe studente bestaan. Elkeen moet vooraf die punt van bespreking self sorgvuldig bestudeer. So 'n groep moet dan gedagtes bymekaar sit en tot 'n slotsom of gevolgtrekking kom ten opsigte van die veld, omvang en implikasies van die probleem. Die gevolgtrekking moet nie as 'n oplossing aangebied word nie, want niemand is in staat om die finale antwoord op landsprobleme te gee nie.

Na my mening sal die nuwe perspektiewe wat sodoende verkry is, die behoefte van die studente bevredig. Die studente sal breër insig in probleme verkry en ryper wees om self besluite te neem soos vir wie en wat hy moet steun in 'n algemene verkiesing.

Willem van der Meer

Politiese Raad moet besin

ek lid is?

Die Politiese raad? Ons nooi sprekers na die kampus. Hulle gesels met ons en ons met hulle. Na die tyd eet ons toe broodjies en drink koffie. Die spreker neem afskeid en dan? Miskien dink ons oor wat hy te sê gehad het: Bou goeie rasseverhoudinge! Reik mekaar die hand van vriendskap! Ag, môre is nog 'n dag. Môre kan ons dit doen...

Of ons gee 'n Politiese Perspektief uit oor: Waarom 'n vervroegde verkiesing? Ons lees dit... en vergeet dit?! Dit maak nie vir ons saak nie, want ons redeneer: Ek kan "niks" bydra om die land se probleme op te los nie.

Jy dink aan die rook wat

oor Promosa gehang het, aan die skoolgebou met sy een flouerige lig in die klaskamer waar jy klas gegee het. En jy? Jy sit in 'n Politiese Raadsvergadering en redeneer of 'n mosie vir of teen Paksas aangeneem moet word?

Van my kant: Hierdie is 'n ope verklaring tot o.a. die Politiese Raad, waarvan ek self lid is. Die idee is nie om die raad in 'n swak lig te stel nie. Die Raad het wel 'n inligtingstaak soos hy tans doen om die massas te probeer bereik. Tog glo ek dat die raad tans aktief passief is. Wat help dit om 'n spreker te nooi en 20 — 30 mense daag op? 'n Simptoom van onbetrokkenheid van studente? Nee, nie noodwen-

dig nie — 'n bewys dat die Politiese Raad aktief passief is. Ek motiveer: Dit het nodig geword dat die Raad konstruktief betrokke sal raak by die politiek, want tans is hy nie.

Neem byvoorbeeld belangstellendes na die probleemareas in die politiek sodat hulle kan sien waar hulle kan help en diensbaar wees, dat politiek nie net teorie is nie maar dat dit 'n realiteit is.

'n Mens wil dankie sê aan bestaande kanale soos SGD. Hier kan jy help en sien waar probleme is. Probleme waaroor so baie besin word. Die probleme waaroor sprekers praat bv.: Die identiteit van die Kleurlinge.

Ek glo dat die Politiese Raad nog steeds 'n rol het om te vervul, maar dan sal hy ernstig moet begin besin oor die rigting waarin hy beweeg en hom op sy terrein bepaal. Om oor byvoorbeeld gemengde koshuise te debatteer is wat my betref alles behalwe op die terrein van die Politiese Raad geleë. Daarvoor (vir die soort onderwerpe) is daar ander bestaande kanale. Dit het tyd geword dat die Politiese Raad hom aktief op sy terrein bepaal. G'n wonder nie dat Polstu nog steeds steun kry en studente 'n organisasie soos Paksas stig nie.

Eugene N. Gunning

(Brief verkort, Red.)

TOPS

Uitsig-Deurloop
Tomstraat
Tel. 21112
VIR ...

- Rekenaars: Casio en Sharp
- Wit Jasse
- Skoonheidsmiddels
- Toiletware
- Geskenke, Geskenke en nogmaals geskenke ...



Haal 'n vreemde voorwerp uit oog

Die goue reël hier is: Moet nooit die oog vryf nie. Wie ook al die oog gaan behandel, moet eers sy hande goed met seep en water was. Slegs indien jy seker is dat die voorwerp geen glas- of metaalsplinter is wat die oogbal deurboor nie, mag jy die voorwerp probeer verwyder deur die boonste ooglid 'n oomblik oor die onderste ooglid te trek. Dit kan 'n los vreemde voorwerp op die onderste ooghare verskuif. Soms sal die trane die voorwerp uitspoel. Indien dit misluk, was die oog vir minstens 5 tot 10 minute met baie water. Indien die voorwerp nog in die binnekant van die oog is, kan jy die binne-

kant van die onderste lid ondersoek deur dit weg van die oogbal te trek. As jy die voorwerp sien, vee dit sagges uit met die hoek van 'n skoon sakdoek. Kyk ook onder die boonste ooglid deur dit om te dop. Indien die voorwerp nie maklik afgevee kan word nie, los dit uit. Plaas 'n sagte kussinkie oor die oog en neem die pasiënt dadelik na die geneesheer. Die pasiënt moet die oog so min as moontlik beweeg, en dus is dit goed om albei oë te bedek totdat die voorwerp verwyder is. Moenie in hierdie gevalle op jou eie oordeel staatmaak nie, maar eerder op dié van jou geneesheer.

'n Oorsese afripter by Puk skermklub

Professionele afripter sal vir die eerste keer in die PU-skermklub se bestaan aangebied word. Ken Pearson, voormalige Olimpiese afripter en tans nasionale afripter in Suid-Afrika, sal op 28 Maart begin met 'n afriptingskursus vir skermers.

Mnr Pearson, voórheen afripter van die Britse Olimpiese span, het hom permanent in Suid-Afrika gevestig na 'n versoek van die Suid-Afrikaanse Amateur Skermvereniging. Dit behoort die standaard van Suid-Afrikaanse skerm te verhoog tot 'n vlak wat gelykstaande sal wees aan Europese lande.

Volgens mnr P J Louw, Binnenshuise Sportorganiseerder, sal mnr Pearson R100 plus vervoerkoste per afriptingskursus ontvang. Die bedrag word deur die Sportburo betaal. Belangstellendes sal slegs R1 betaal en kan Francois du Toit (Bussie 117, SSR-Kantore) kontak.

Na die Aprilvakansie sal mnr Pearson nog drie afriptingskursusse aanbied saam met 'n hulpafrifter. Dit sal spesifiek met die oog op voorbereiding vir die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi in Julie geskied.

Die skermklub hoop om van sy spanlede in die semi-finale en finale ronde van die SAU te sien. 'n Proteaspan van elf mans en agt dames sal aan die einde van die jaar vir vyf maande oorsee toer. Lande soos Duitsland, Italië, Switserland en Brittanje sal besoek word, waar kompetisies en intensiewe afripting sal plaasvind.

Wynand van Rooyen, ondervoorsitter van die skermklub en linkerhandse skerm, het verlede jaar die finale rondte in floret gehaal en het 'n baie goeie kans om die jaar onder die eerste vier te eindig. Die dames kan ook vir 'n verrassing sorg.



● Karin Rink, panjaar se wenner van die Puk-tafeltennis-kampioenskappe is hier in aksie.

Spelers lewer goeie tennis

VIC JOYCE verdedig Saterdag, 28 Maart, sy enkelspeltitel teen Bennie Smith in die mansenkelspel van die Puk-tennis-kampioenskappe. Elbie Kruger, verlede jaar se wenner, sal in die finale ronde te staan kom teen die wenner van Suretha Scott en Letitia Fourie.

Die kampioenskappe het oor die afgelope drie weke plaasgevind en was baie suksesvol. Saterdag, 28 Maart, vind die finale ronde plaas en dit belooft om baie aanskoulike tennis op te lewer. Die wedstryde sal om 08h30 begin. Na afloop van die enkelspelwedstryde sal die mans- en damesdubbelspele asook die gemengdedubbelspele fi-

naal plaasvind. Alle belangstellendes word gevra om die tennis te ondersteun.

'n Groep van tien mans en tien dames sal op meriete gekies word, wat deur Fanie Campher afgegrig sal word. Uit die groep sal 'n span gekies word wat die Puk sal verteenwoordig tydens Intervarsity en die Suid-Afrikaanse Universiteite-kampioenskappe.

Na afloop van die tennis sal daar 'n braaivleis vir al die lede van die tennis-klub wees. Die pryse sal dan ook uitgedeel word. Almal wat belangstel moet Frik Vogel van Caput kontak.

● Die tennis sal vanaf 30 Maart, in alle erns op 'n georganiseerde basis begin. Alle studente wat so-

Nog steeds probleme by sportregistrasie

DIE nuwe sportregistrasiestelsel skep nog groot probleme op die kampus. Deelnemers aan binnemuurse sportsoorte is al uit lokale in die Studentesentrum gejaag, terwyl daar tot op hede nog geen beheer oor sekere buitemuurse sportsoorte was nie.

Diegene wat verantwoordelik is vir die toepassing van die stelsel, sê die groot probleem is dat vanjaar nog maar 'n proefjaar is. Die stelsel sal eers behoorlik funksioneer as bydraes deur alle studente verpligtend gemaak word.

Intussen gebeur dit dat deelnemers aan sportsoorte in die Studentesentrum wel verplig word om hul lidmaatskapkaarte te toon.

Geld gemors

Die algemene gevoel is dat die stelsel uitgereik is en dat geld in die proses gemors word. Die algemene sportregistrasiekaart is onnodig en word slegs gebruik om te bewys dat jy wel betaal het. Een sportlidmaatskapkaart is nodig waarop alle sportsoorte waaraan die persoon deelneem aangetoon word. So kan tot twee rand per persoon gespaar word.

Die huidige stelsel beoog om 'n algemene sportfonds te stig wat alle sportsoorte op die Puk finansieel sal kan bystaan. Die geld vir hierdie fonds word verkry deur sportregistrasie. Elke geregistreerde persoon dra dus tien rand by tot hierdie fonds. Van die R12 wat studente betaal, word R2 gebruik om vir die druk van die registrasiekaarte en die ledekaart te betaal. Die ander R10 word dan in die sentrale sportfonds gestort. Hierdie gelde word volgens meriete en behoefte aan sportklubs beskikbaar gestel vir uitgawes aan veral apparaat en afripting.

Sportbeeld

Dit is belangrik dat die Puk se beeld veral deur sport uitgedra sal word. Met die nuwe stelsel sal alle sportsoorte gelyke

kans kry om hul kleure te wys. Erkende SAU sportsoorte sal voorkeur geniet; daarvoor moet 'n sportdeur die Suid-Afrikaanse Universiteite Sportkomitee erkenning ontvang en moet daar ten minste vyf ander univerteite wees wat die sportsoort beoefen en mededinging aanbied.

Die Puk-rugby is op 'n baie hoë standaard en het reeds verskeie borge ontvang. Die probleem lê by die kleiner sportsoorte wat nie oor die nodige apparaat beskik en ook nie die nodige afripting ontvang nie.

Die stelsel maak voorsiening vir vrywillige bydraes, niemand word verplig om te registreer nie, terwyl meeste ander univerteite sportregistrasie verpligtend maak teen 'n baie hoër tarief. Daar word dus van elke Puk-verwag om vrywillig te registreer ten einde van die stelsel 'n sukses te maak. Op die manier kan die nie-sportdeelnemers ook die sportontwikkeling van die universiteit bevorder.

Die hoop bestaan dat hierdie stelsel sal ontwikkel tot 'n stelsel soortgelyk aan die wat Stellenbosch tans gebruik (hulle betaal R38 per student). Sportregistrasie wat verpligtend sal wees, geskied saam met inskrywing vir die akademiese jaar. Deur so 'n stelsel sal kontrole baie vergemaklik word en die geld sal beskikbaar wees vir die sportmanne en -vroue van die Puk.

Telefoon in bib

VRAE aan talle studente in verband met die telefoon in die biblioteek en wat hulle daarvan dink, het heelwat reaksie uitgelok.

Reaksies soos die volgende is geopenbaar:

Vraag: Wat dink u van die telefoonhokkie in die biblioteek?

Alta van der Werken: Telefoon? Nee, dit pla my nie.

Elna van der Linde: "Wat ter een?"

Anoniem: "Nee, ek het nog

nooit aan hom gedink nie en buitendien pla hy my nie."

Adriana Vorster: "Goeie ding, dis naby alles".

Na meer ondervragings kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die meeste van die studente positief ingestel is teenoor die telefoon in die biblioteek. Die enigste klagtes is dat dit nie baie privaat is nie.

Vir die wat nie weet nie, is die telefoonhokkie regs teen die muur as jy by die hoofingang van die biblioteek ingaan.

Puk-Kano vaar goed

KANOVAART is die enigste sport waarin die Pukke nog nooit 'n Intervarsity verloor het nie en Stefan de Klerk voorspel dat Kovsies weer vanjaar die spit gaan afbyt.

Pukkano is een van die minder bekende sportklubs op die Kampus, maar hulle vermoëns moet nie onderskat word nie. Hoewel die Puk 'n paar goeie roeiers verloor het, het daar ook baie belowende talent bygekom. Tot op hede was daar 'n rekordinskrywing van 77, maar volgens Stefan behoort daar vanjaar 80 inskrywings te wees, teenoor die 68 van verlede jaar.

Die beginners toon baie potensiaal. 'n Aanwinst vir die klub is Chris Engelbrecht wat Transvaalkleure verwerf het en vanjaar vir die Puk gaan roei. 'n Beginnersdag word gereël vir die nabye toekoms. 'n Springbok- of internasionale-roeier sal aan beginners die basiese beginsels van roei leer.

'n Baie besige program lê vir die Puk-roeiers voor. Die eerste kompetisie waar 'n mans- en damespan van agt roeiers elk gaan deelneem, is die Springs-Sprints op 28 Maart.

In Junie begin die langafstand roei. Verlede jaar het sewe roeiers deelge-

neem aan die Bergrivier-kompetisie. Vanjaar is die belangstelling egter groter en heelwat meer Pukke gaan die 256 km aanpak. Daar word beoog om veral die damespanne vanjaar meer te betrek en drie spanne van vier dames elk sal aan die Fair Lady-kompetisie deelneem. 'n Afstand van 60 km sal afgeleë word.

Ten spyte van die voorspoed wat die klub ondervind, het die klub ook groot probleme. Die boothuis by die Dam is nou te klein en die Puk is gevra om 'n sementgebou te skenk. Die versoek is egter van die hand gewys. Gedurende die vakansie het baie probleme opgeduik. Mense wat nie verbonde aan die klub is nie, het uit eie reg bote uit die boothuis geneem. Groot skade is aangerig.

Volgens Koos Blomerus, voorsitter van die klub, ondervind die klub ook finansiële probleme. Kano, wat ook 'n kategorie A-sport is, ontvang slegs R400 — R500 teenoor ander kategorie A-sportsoorte soos trapkar wat oor die R4 000 ontvang. Kano is egter 'n kapitaalsport en 'n kano kan byvoorbeeld minstens R200 en 'n spaan R36. Daarom is opnuut aansoek gedoen om groter finansiële ondersteuning van die Sportraad. Die eerste begroting was foutief en 'n tweede is nou opgestel. Die dagbestuur van die Sportraad sal dan oor die aangeleentheid besluit.

Skerm

(Vervolg van p 10)

Nadat die saak ondersoek is, is die R492 aan die klub uitbetaal. Geen werklike verklaring oor hoe die toerusting gesteel is, kon verkry word nie. Die moontlikheid bestaan wel dat die diene aan die agterkant van die kamer-tjie oor 'n muur geklim het of ongesiens deur die skermzaal gekom het. Om 'n herhaling te voorkom, word elke kas nou met sy eie afsonderlike slot gesluit.

Volgens die voorsitter van die Skermklub, Francois du Toit, het die klub vier elektriese skerm-baadjies teen R240 en vier epees teen R153 aangekoop.

WINSKOOP

1979 Kawasaki KH 125

R200 deposito en neem paaiemente van R37 per maand oor.

Skakel mnr Botha

Tel: 6666

Bult Droogskoonmakers

(Uitsig Arkade verby Volkskas)

Toon afslagkaart en ontvang afslag

Jay's Uitrusters

Nuwe voorrade (pas ontvang)

Hang Ten

Tractor stewels

Denims

Koordferweel

Beste pryse in die dorp!

Winkel 4, Indiërsentrum, Tel: 8791



Atlete blink uit by kampioenskappe

DIE Noord-Transvaal Senior Atletiekbyeenkoms het op 20 en 21 Maart plaasgevind. Christo Swart het 'n goeie tyd in die 5 000m stap opgestel en wen die item met 'n tyd van 23,07,03s. Nanda Bar-

nard, puik hoogspringer van die Puk het die nommer met 'n hoogte van 1,65m gewen en Isobel Campher wen die verspring met 'n afstand van 5,76m.

Jurie van der Walt wen die 110m hekkies vir mans in 'n tyd van 14,4 met André Nel in die tweede plek met 'n tyd van 14,9s. In die spiesgooi behaal Nico Hager 'n afstand van 61,58m. Gerald Gray was derde in die 100m met 'n tyd van 10,84s. Die 5 000m stap was gewen deur Christo Swart in 'n tyd van

23,07,03s en Petro Fourie behaal 'n tweede plek in die 400m vir dames met 'n tyd van 55,34s.

Tydens die Wes-Transvaal Junior Atletiekkampioenskappe, 20 Maart, het Ludwig Myburg wat bekend is as 'n hekkiesatleet, skielik ont-dooi as naelloper. Met puik tye in die 100, 200 en 400m het hy die hardebaardmanne kwaai op hulle neuse laat kyk. Sy tyd van 10,45 in die 100m is slegs 0,1 sekonde stadiger as die Wes-Transvaalrekord wat deur Innes van Rooyen gehou word. Sy tyd

in die 200m was 21,3s en in die 400m 48,0s.

Jannie van Breda het ook uitgeblink deur die paalspring te wen. Scholtz het die 2 000m hindernis in net so 'n goeie tyd van 6 min 10,13 afgedraf.

In die 10 km stap vir mans het C Kruger 'n vierde plek behaal. Puk behaal twee plekke in die 110m hekkies met D Voster tweede in 'n tyd van 13,9s en J van Breda derde met 'n tyd van 13,9s. T Prinsloo behaal 'n tweede plek in verspring vir seuns onder 19 en D Kukkuk 'n derde plek. Kukkuk behaal ook 'n eerste plek in die drie-sprong.

Van die Pukdames behaal Marina Pienaar 'n tweede plek in die 100m en 200m. M Liebenberg kom ook tweede in die skyf-werp en gewigstoot.

Stoei nou ook in koshuisliga

"Amateurstoei het 'n hupstootjie gekry deurdat dit op 'n koshuisliga-basis plaasvind," sê Eduard Esterhuysen, ondervoorsitter van die

Puk-stoeiklub. 'n Wisseltrofee is deur Blackie Swart geskenk. Hy was die afgelope vier jaar die stoeiklub se voorsitter.

Die punte wat verwerf word, sal in die oorkoepelende sportliga bygetel word. Koshuise wat nie spanne inskryf nie, sal dus die punte verloor. Dit vind op 'n uitklopbasis plaas. Hombre het reeds tot die tweede ronde deurgedring. Amajuba en Drakenstein het nie genoeg belangstelling getoon nie, en het punte aan Hombre en Overs afgestaan. Hombre en Overs het toe teen mekaar te staan gekom, en Hombre het met ses gevegte teenoor twee gewen. Donderdagaand, 26 Maart, om 09h00 vind die volgende ronde met Villagers teen Klooster, en Caput teen Dawie Dup, plaas.

♦ Saterdag 21 Maart het die stoeiklub aan die Wes-Transvaal Ope kampioenskappe in Klerksdorp deelgeneem. Vier lede van die klub het plek gekry en is in die span ingesluit.

W Putter het 'n eerste plek gekry, J Krause en P Roux was albei tweede en B Swart het 'n vierde plek gekry.

Ibbies verloor teen Fezelas

DIE Ibbies en die onder-20 B-span het Saterdag 21 Maart teen spanne van Tukkies gespeel. Albei spanne het hul wedstryde verloor.

Die Fezelas, Tuks se tweede span, het die Ibbies 24-10 gewen. Hoewel die spelers nog nie wedstrydfiks is nie, was dit 'n goeie wedstryd. In die eerste helfte het Willie van der Schyff, die heelagter, baie goed verdedig en die eerste punte vir die Ibbie-span aangeteken. Hy het met 'n strafskop geslaag. Die Fezelas het met twee doele en 'n strafskop geslaag. Die rustydteelling was 15-3.

Die krag van die Fezelas se voorspelers het in die tweede helfte die deurslag gegee. Hulle het nog 'n doel en 'n strafskop aangeteken. Jan Henning het die Puk se enigste drie in die tweede helfte gedruk en Willie van der Schyff het met nog 'n strafskop geslaag.

Die telling van die onder-20 B-span was 23-15 in die guns van Tukkies. Die spannetjie hou egter groot belofte in en sal vanjaar nog goeie prestasies lewer.



● Elbie Kruger, verlede jaar se enkelspelwenner, het weer eens vanjaar in die Puk-tenniskampioenskappe deurgedring tot die finale

Skerm se skade-eis slaag

DIE PU-Skermklub se eis van R492 was geslaagd. In Augustus verlede jaar is ongeveer R500 se toerusting van die Skermklub gesteel en beskadig.

Na die voorval het die Skermklub, wat reeds 'n tekort aan wapens gehad het, 'n eis by die Sportburg aanhangig gemaak. Volgens mnr Piet Louw Binnenshuise Sportorganiseerder, is die saak n die assuransiemaatskapp verwys.

(Vervolg op p 9)

Kortsport

● Skaak

Tydens 'n ledevergadering van die PU-Skaakklub op Woensdagaand, 18 Maart, is drie nuwe bestuurslede verkies. Die skaakbestuur bestaan nou uit Sarel van der Westhuizen, Caput (voorsitter), Jannie van der Schyff van Overs (voorsitter), Sally Botha van Kasteel (sekretaresse), Nico Kilian van Caput (penningmeester) en Willem van der Merwe van Hombre (addisionele lid).

Die bestuur beplan om vanjaar koshuisskaakligas te organiseer, asook 'n skaakliga vir Potchefstroom waaraan twee Puk-spanne sal deelneem. Verder sal daar tydens intervarsities gespeel word en kompetisies gereël word. Afrigting word ook verskaf. Die speeltje is elke Woensdagaand, 18h30 in kamer 10 van die Frans du Toitgebou. Alle belangstellendes is welkom.

● Muurbal

Verlede Maandag, 16 Maart, het die Wes-Transvaalse muurbalkompetisie plaasgevind. Die uitslae was as volg: Puk se derde Liga verloor 0-4 teen PCC en die PU reserweliga het teen Vaal Reefs verloor.

Woensdag, 18 Maart, het PU A 3-1 teen Weermag gewen. PU B het 3-1 teen PU C gewen en PU tweede Liga het teen Klerksdorp gelykop gespeel met 2 elk.

● Sauna

Meisies, het julle geweet dat die Puk oor 'n sauna beskik? Almal is welkom om van die luukse gebruik te maak, maar daar is sekere voorwaardes aan verbode. Jy moet by die binnenshuise-sportregistrasie aanmeld en registreer en verder moet daar besprekings gedoen word by die muurbalbesprekingsdepot. Die sauna is elke aand van ses tot twaalf oop.

● Binnemuurse Hokkie

Die volgende wedstryde is afgehandel op Vrydagaand 20 Maart:

Karliën wen Wag-'n-Bietjie 4-0, Heide en Vergeet-my-nie speel gelykop 3 elk. Oosterhof wen Kulu 5-1. Klawerhof wen Dinki 3-0.

● Krieket

Die koshuiskrieketliga is Saterdag 14 Maart afgehandel. Twee wedstryde is gespeel. Villagers het die liga gewen.

Op die C-veld het Villagers 'n regstreekse oorwinning teen Hombre op die eerste beurte klop. Die bonuspunt verdeling was 22 teenoor 7 in die guns van Villagers.

Dawie Dup het vir die verrassing van die dag gesorg toe hulle Hombre op die eerste beurte klop. Die bonuspunt verdeling was 17 teenoor die 6 van Hombre.

Die finale puntestand van die koshuissliga van 1981 is: Villagers 84, Hombre 60, Overs 60, Dawie Dup 45, Caput 35, Amajuba 16 en Klooster 11.

● Tafeltennis

Die tafeltennisklub spog met twee Wes-Transvaalse speelsters. Hulle is Karin Rink en Annelie Venter.

Karin se speelmaat tydens die SA-kampioenskappe is haar suster, Theresé Rink van Tukkies. Die Wes-Transvaalse span as geheel het vierde uit tien spanne gekom.

Verlede Woensdag, 18 Maart, het die mans eerstespan teen Atlas met 7-3 verloor. Die tweede span het teen Evkom met 7-3 gewen. Hercules het onttrek en dus het die damespan 10-0 gewen. Alfons Meyer van Villagers het al sy wedstryde gewen.

Die mans eerstespan is Pierre Schmidt, Piet Strydom en Ben Smit en die tweede span is Alfons Meyer, Jan Rautenbach en Piet Fouché. Die damesspan is Karin Rink, Retha de Wet en Annelie Venter.

W-Tvl kies die atlete vir SFW

DIE Wes-Transvaal-span wat aan die Stellenbosch Farmer's Winery finaal gaan deelneem is onlangs gekies. Ander spanne wat gaan deelneem is Noord-Transvaal, Transvaal, W.P. en O.P. Elke span bestaan uit vyf dames en agt mans. Die byeenkoms begin 31 Maart om 19h00 op die Kenneth McArthur, en kaartjies sal by die hekke beskikbaar wees. Isobel Campher van die Puk is aangewys as kapteine van die span en Herman Potgieter is die kaptein.

Die Wes-Transvaal-span is: Petro Fourie 200 en 400m, Leonie Smit 400 en 400m hekkies, Isobel Campher verspring en 100m hekkies, Susan Lion-Cachet spiesgooi en N Lyons hoogspring. Die mans wat die span sal verteenwoordig is: Piet Goosen skyfwerp en gewigstoot, H Potgieter spiesgooi, Jurie van der Walt 110m hekkies en 200m, Stefan Greyling 400

en 800m, Gerald Gray 100 en 200m, Ludwig Myburg 200 en 400m, George Gibson 110 en 400m hekkies en A. Makwatswha 100 en 200m.

Villagers wen die waterpolo

Die waterpolo koshuissliga is 23 Maart afgehandel en die uitslae is: Villagers wen Klooster 11-2, Caput verloor 1-7 teen Amajuba.

Villagers wen ook teen Caput met 'n telling van 4-1. Die wedstryd het slegs 2 minute geduur. Gewoonlik duur 'n wedstryd 12 minute met 6 minute aan elke kant.

Overs moes teen Amajuba en Klooster speel maar daag nie op nie.

Die huidige puntestand is:

Villagers 48; Amajuba 38; Klooster 28; Caput 10; Overs 4.